

2 Maart - DINK

Skrifgedeelte: Filippense 4:1-9 (OAV)

Fokusgedeelte: Filippense 4:6-9

Die apostel Paulus stel in hierdie verse blydskap en vrede teenoor ongelukkigheid en verbreekte verhoudinge. Euódia en Síntiché was twee medegelowiges in die gemeente wat hulle vrede en blydskap verloor het weens een of ander verskil. Nou kom die apostel en gee in hierdie verse raad oor hoe om die blydskap en vrede ook in hulle lewe weer te herstel.

Die raad begin by die besef dat ons voor die HERE lewe, dat Hy altyd naby aan ons is en dat ons gesindheid teenoor mekaar daarom altyd gekenmerk moet word deur vriendelikheid, of insiklikheid.

Daar eindig sy raad egter nie. Die tweede stap is om te bid. Om al jou nood en kommer met smeking en danksegging voor hierdie “naby God” te bring, sodat jy weer sy vrede, die verbondsgemeenskap met Hom kan ervaar.

Nog meer is egter nodig om verhoudinge werklik heel te maak. By die gebede kom ook die eis om jou gedagtes op die positiewe te rig. Nie te sit en broei oor alles wat sleg en negatief en verkeerd is nie, want dan verdamp die vrede uit jou hart en jou gemoed. Nee, bedink wat goed en reg en positief is en gaan dan ten slotte en doen ook wat reg is. Doen wat jy weet God se wil vir jou is in sulke omstandighede van stryd en rusie.

Dan kom die belofte vol en heerlik daarmee saam: die God van vrede sal met jou wees. Ja, langs hierdie weg van versoening met jou geloofsbroer of -suster is dit nie alleen die vrede van God wat terugkeer en deel van jou lewe word nie.

Die heerlikste van alles is dat God Self, die God van alle vrede, by jou sal wees en bly, en die herstellende eensgesindheid met jou medegelowige sal die lewensvreugde weer in jou laat opbruis.

Sing: Psalm 25:1, 2 (1936-beryming)

Ds BC Smit (Pretoria-Meintjieskop)